# Die vroue loop in Sy voetspore

**Kotie Arpin en Hannelli Kruger het elkeen 'n sterk punt waarop sy fokus en elkeen het haar afdeling waar sy werk, maar saam vorm hulle die gedugte In sy Voetspore-span wat al honderde, selfs duisende mense se lewens in die afgelope klompie jare geraak het.**

In Sy Voetspore is die twee vroue van Sasolburg se bediening wat sowat agt jaar gelede begin het, 'n bediening waarmee hulle eintlik voltyds besig is, sonder om self 'n sent daaruit te verdien.

***Maar wie is die twee vroue? Courier het gaan kuier en probeer uitvind.***

Kotie is in Standerton gebore en sy het van kleintyd die begeerte gehad om by die polisie en by die bediening betrokke te raak. Na skool het sy toe by die polisie aangesluit en is in 1988 na Sasolburg verplaas waar sy vandag steeds woon. Sy was tot 2003 by die polisie toe sy medies ongeskik verklaar is.

Terwyl sy gewerk het, was sy by verskillende kerke betrokke en het ook heelwat welsynswerk gedoen.

Hannelli is op haar beurt 'n gebore en getoë Sasolburger en na 'n kort verblyf in Kaapstad het sy weer na Sasolburg teruggekeer. "Eenkeer 'n Sasolburger, altyd 'n Sasolburger", glo sy.

Sy was 'n polisiereservis en het Kotie, wat toe reeds tot kaptein bevorder is, by die polisie leer ken. Toe die twee mekaar later weer in hul kerk ontmoet het, het hul saam aan welsynsprojekte begin werk.

Hulle was deur die kerk baie by Holy Country betrokke maar het so agt jaar terug besluit om hul eie nie-winsgewende welsynsorganisasie te stig, omdat hulle nie altyd met die reëls, regulasies en voorwaardes van die kerklike orde saamgestem het nie. Hulle het intussen ook by Jesus the healer ministries onderrig gekry en altwee is pastore wat ook troues en begrafnisse kan waarneem.

"Ons help elke dag waar ons kan, maar ons passie is kinders - hulle is die toekoms. Soms help ons met kospakkies, ander kere met klere, verskaffing van skoolbenodighede en ander kere help ons net deur te luister, te bid of moed in te praat. Maar ons doel is ook om nie net te help nie maar ook op te hef en dus nie net vis te gee nie, maar ook te leer visvang," vertel Kotie. "Daar is nie 'n vaste program nie ons help maar diegene wat oor ons pad kom."

Daar is amper te veel plekke en individue om op te noem waarby hul al betrokke was. Dit wissel van individuele gevalle, by kleuterskole, bejaardes, tehuise, kampe vir seuns, dogters en bejaardes, selfbeeldkursusse vir kinders en vroue, make-overs vir vroue en vele meer. Hulle hou Kerspartytjies vir minderbevoorregtes, reël Kersliedere by Kerslig-geleenthede, etes vir bejaardes, kampe vir minderbevoorregte kinders ens.



**Twee merkwaardige vroue, Hannelli Kruger en Kotie Arpin.**

**Herwinnings uitstalling**

Een van hul groot suksesvolle projekte is die jaarlikse uitstalling in die Sasolburg biblioteek van herwinbare projekte. Die uitstalling gee aan entrepreneurs goeie blootstelling om vir hulself 'n lewe te maak.

Hulle reël ook kwartaalliks 'n mark waar mense hul tuisgemaakte goed kan verkoop - 'n poging om mense te leer om self vis te vang.

"Ons verkoop een en soms twee keer per maand kos op die perseel oorkant Midas om geld vir ons projekte in te samel. Verder kom baie van die finansies maar uit ons eie sak uit terwyl ons ook enkele donasies kry. Daar is ook 'n besigheid wat op 'n gereelde grondslag 'n bydra lewer.

"Ons is 'n artikel 18 A maatskappy en maatskappye kan belastingvoordeel kry as hulle skenkings maak. Baie mense wil graag by welsyn betrokke raak, maar weet nie hoe of waar nie. Ons boeke is oop en daar word vir elke sent verantwoording gedoen. Ons het ook 'n rekenmeester wat alles nagaan."

***Maar hoe kan die publiek help?***

Daar is altyd 'n behoefte aan nie-bederfbare kos, klere, meubels, geld. Hul soek ook altyd geskikte persele om projekte aan te bied asook 'n ligte afleweringsvoertuig. Kotie sê sy is besig om haar eie voertuig op te ry en die kar is ook veels te klein om alles te vervoer wat nodig is.

Enigeen wat meer inligting oor die diensorganisasie verlang, kan hul webtuise In sy Voetspore opsoek of Kotie bel by 082 772 5439.